T O T  E E R  V A N  D I E

# HERE



# Merweville Dankfees 2026

**Vrydag 24 April**

**tot**

**Sondag 26April**

Ons nooi u hartlik uit na ons dankfees by die kerksaal. Dit is ’n besondere geleentheid waar ons as gemeente saamkom om dankbaar te wees vir alles wat die Here vir ons gedoen het.

Kom geniet die samesyn, die vreugde en ’n feestelike atmosfeer. Moenie hierdie wonderlike geleentheid misloop nie – ons sien daarna uit om saam met u dankie te sê en fees te vier!



# Bestellings

Ons neem slegs bestellings vir heel of halwe lam teen R130/kg. Maak asseblief seker dat u u bestelling voor 15 April by die kerkkantoor plaas, onderhewig aan beskikbaarheid en terwyl voorraad hou.



# Bespreek u etes

- Om u etes te bespreek, voltooi asseblief die Jotform.
- Die skakel na die Jotform is: https://form.jotform.com/250554239954060
- Merk die betrokke etes waarvoor u wil bespreek en kies die aantal etes.
- Sodra u al die inligting op die vorm voltooi het, kan u dit “SUBMIT”.
- Die kantoor én u sal daarna ’n e-pos ontvang wat u bespreking bevestig.
- U kaartjies sal opgemaak word, en u kan dit tydens die Dankfees by die kaartjietafel kom betaal en afhaal.
- Indien u verkies, kan u ook vooraf u etes per EFT betaal. Die bankbesonderhede is op die vorm beskikbaar.
- U is welkom om u etebespreking per WhatsApp of e-pos te doen.

# WOENSDAG 15 APRIL
# SKOP DIE GROOTVLEISWERK AF!

Enigiemand wat wil kom hand by sit by die vleiswerkery, kan saam met ons ’n heerlike middagete geniet teen slegs R30 per persoon. (Dankfeeswerkers)

NIE LUS OM SELF KOS TE MAAK NIE? Bestel gerus ’n wegneemete teen R80. Bestellings moet soggens voor 09:30 by Zena van Schalkwyk geplaas word.

Dit is vir die tydperk
15–17 April
en weer
20–23 April.



# Vrydag 24 April – Spyskaart

Middagete om 12:00:

Kom geniet 'n beker tuisgemaakte

**sop met vars brood R30**

(Boontjie-, groente-, butternut- of lensiesop)



Aandete om 18:00:

**Braaivleis 2-tjops**

**en wors R110**

**Braaivleis 1-tjop**

**en wors R85**

Bedien met vars gebakte brood & heerlike slaai

**Poedingverrassing R20**

Bring asseblief u

eie wyn of drinkgoed en glas.

# Saterdag 25 April – Spyskaart

Middagete om 12:00:

**Potjiekos R60**

Afval / Beesstert /Skaapskenkel

Aandete om 18:00:

by Springbok Lodge

**Steakbraai R170**

**Weskus-snoekbraai R150**

Bedien met brood, kaas

en konfyt, 2 slaaie

en ‘n patat.



Bring asseblief u

eie wyn of drinkgoed en glas.

# Sondag 26 April - spyskaart

Middagete

**Boerekos soos van ouds! R120-00**

en ‘n lekker nagereg

Slegs **250 aansit- en 50 wegneemetes** is beskikbaar.

Bespreek vroegtydig om teleurstelling te voorkom.



Bring asseblief u eie wyn of drinkgoed en glas.

# VRYDAG

# 24 APRIL

## WAT GEBEUR IN DIE KERKSAAL?

### 12:00

- Heerlike sop en brood word bedien by die kerksaal.
- Bespreekte etekaartjies kan op die stoep van die kerksaal, by die kaartjiestafel afgehaal word. Etekaartjies vir etes wat nog beskikbaar is, sal te koop wees.

### 14:00

- Vleis, biltong en droëwors word in die kerksaal verkoop.
- Bestellings van heel- en halwe lammers kan by die vleistafel afgehaal word.

### 18:00

- Sluit by ons aan vir ’n gesellige braaivleis-ete en kuieraand in die kerksaal.

Ons sien uit daarna om
julle by ons te verwelkom! ✿

S A T E R D A G

# 25 APRIL

## Die program behels:

07:00 Pretstap en –fietsry begin by die kerk en kos R10 per persoon.
Gratis inligtingstaptog deur Merweville begin by die kerk.

08:30 Hamburgers, pannekoek, koffie en tee, koeldrank, sosaties, chips", waffel-op-'n-stokkie word buite die kerksaal verkoop.

**09:00 Die basaar word geopen met skriflesing en gebed.**

10:30 Saalveiling in die kerksaal.
Kerktoringtoere @ R10/persoon.
Toegang op eie risiko. Voltooi en teken die vrywaringsvorm by die ingang. Ouers moet kinders se vrywaringsvorm voltooi en onderteken.

11:15 Veeveiling langs die pastorie.
(Indien genoeg vee beskikbaar)

12:00 Potjiekos ete word by die kerksaal bedien.

14:00 Bateveiling by Springbok Lodge skuins oorkant die kerksaal.

18:00 Steakbraai en Weskus-snoekbraai by Springbok Lodge

# SONDAG

# 26 APRIL

## 09:30 DANKDIENS

Erediens in die kerk waartydens die kinders 'n geleentheid kry om hul dankoffer te gee.

## 10:30 ORRELFEES

Meer inligting volg later

## MIDDAGETE

## 11:45 - 12:15

Wegneem etes word by die kerksaal afgehaal.

## 12:15 - 13:15

Aansit-ete met boerekos wat 'n nagereg insluit, word in die kerksaal bedien.

# KAARTBETALINGS

- Kry by elke tafel (behalwe die vleistafel) ’n aankoopstrokie. Handig al die strokies in by die Yoco-betaalpunt wanneer u betaal, vir die kantoor se latere rekonsiliasie. U is welkom aan om die strokies met u selfoon af te neem vir u eie rekord.
- Vleistafel-betalings: Om u vleis aankope makliker en vinniger te maak, het die Vleistafel hierdie jaar Yoco-kaartmasjiene by die twee betaalpunte beskikbaar. Ons moedig al ons dankfeesgangers en lidmate aan om u aankope direk by die vleistafel te betaal en af te handel.

Ons bied Snapscan as ‘n alternatiewe betalingsmetode aan by elke tafel. U kan met u banktoep of die Snapscan-toep vir u aankope betaal deur die tafel se unieke QR-kode te skandeer. Vertoon net asseblief aan die konvenor dat u betaling suksesvol was.

## Kontant

**Weens die kontanttekort in ons dorp, bring asseblief genoeg kontant saam indien u verkies om so te betaal.**

## Onthou..

Bring asseblief ’n noodliggie saam (in geval van ’n kragonderbreking), asook muskietweermiddel vir die lastige muskiete.

# Kontakbesonderhede:

**Skriba: Katinka Botes**
**(072 087 1008)**
**Ds. Danie Pretorius**
**(072 580 1866)**
**Epos:**
**ngkerkmerweville@gmail.com**

**Bankbesonderhede:**
**NG Kerk Merweville,**
**ABSA reknr. 154 059 0105**
**Verwysing: U naam en waarvoor betaling gedoen word.**



**www.facebook.com/ngkerkmerweville**